higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT

OPVOEDKUNDIGE SIELKUNDE N6

8 November 2022

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 9 bladsye.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1
1.1.1 K
1.1.2 D
1.1.3 O
1.1.4 L
1.1.5 C
1.1.6 A
1.1.7 N
1.1.8 I
1.1.9 H
1.1.10 E

(10 × 1) (10)

1.2 1.2.1 Onwaar✓ – 'n onbetrokke ouer voldoen nie aan hulle kinders se basiese behoeftes nie.✓

OF

'n Gesaghebbende ouer stel reëls vas en daar word van kinders verwag om dit na te kom.✓

1.2.2 Onwaar✓ – om hink-stap-spring te speel, verbeter oogvoetkoördinasie.✓

OF

Om boontjiesakke in 'n hoepel te gooi/om 'klap die ballon' te speel/om kegelbal te speel verbeter ooghandkoördinasie.✓
(Enige aanvaarbare ooghandkoördinasie-aktiwiteit)

1.2.3 Onwaar✓ – die ELRU konsentreer op ontwikkeling in die vroeë kinderjare.✓

1.2.4 Waar

1.2.5 Waar

1.2.6 Waar

1.2.7 Waar

(10 × 1) (10)

1.3 1.3.1 C
1.3.2 C
1.3.3 B
1.3.4 D
1.3.5 C
1.3.6 A
1.3.7 B
1.3.8 C
1.3.9 A
1.3.10 C

(10 × 2) (20)

1.4 1.4.1 Herkenning van vorms

OF

Ooghandkoördinasie

OF

Fyn motoriese ontwikkeling
(Enige EEN geskikte antwoord is aanvaarbaar)

1.4.2 Balans

OF

Groot motoriese ontwikkeling/Grootspierontwikkeling
(Enige EEN geskikte antwoord is aanvaarbaar)

1.4.3 Fyn motoriese ontwikkeling/Kleinspierontwikkeling

OF

Ooghandkoördinasie
(Enige EEN geskikte antwoord is aanvaarbaar)

1.4.4 Groot motoriese ontwikkeling/Grootspierontwikkeling

OF

Ooghandkoördinasie
(Enige EEN geskikte antwoord is aanvaarbaar)

1.4.5 Oogdominansie

OF

Ooghandkoördinasie
(Enige EEN geskikte antwoord is aanvaarbaar)

(5 × 2) (10)

[50]

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B

VRAAG 2

2.1

- Ontwikkelingsvlak✓

Morele en sosiale gedrag het 'n belangrike invloed op 'n kind se gedrag.✓ Dis byvoorbeeld normaal vir 'n 2-jarige om 'n woedeaanval te hê, maar dis onvanpas vir 'n 5-jarige. Dis normaal vir 'n 1-jarige om aan alles te vat, maar nie vir 'n 6-jarige nie.✓

- Die omgewing✓

Kinders leer aanvaarbare en onaanvaarbare gedrag.✓ Hulle reageer op hul omgewing en die mense daarin. Tydens interaksie met tydgenote en ander mense leer kinders maniere aan hoe om in sosiale situasies te reageer. Hulle pas aan by gedrag wat lyk asof dit vir ander aanvaarbaar is. Op dié manier kan hulle onaanvaarbare gedrag aanleer.✓

- Onrealistiese verwagtings aan kinders✓

Soms stel ouers te hoë standaarde vir hulle kinders.✓ Dis belangrik om bewus te wees van 'n kind se ontwikkelingsvlak. Dit sal voorkom dat ouers onrealistiese verwagtings koester. Kinders word dikwels vergelyk met ander kinders van hulle eie ouderdom, maar dan het hulle nie noodwendig dieselfde potensiaal nie. Ongehoorsaamheid kan voorkom as verwagtings te hoog of laag is.✓

- Gesondheidsprobleme✓

Kinders se gesondheid beïnvloed hulle gedrag.✓ Kinders kan nie verbaal verduidelik hoe hulle voel nie. Medikasie kan ook 'n kind se gedrag beïnvloed, bv. dit kan 'n kind hiperaktief of slaperig maak wat weer kan veroorsaak dat hulle prikkelbaar is. Onderwysers moet bewus wees van die medikasie wat 'n kind neem en sensitief ingestel wees teenoor die kind se gesondheid.✓

- Allergieë

Kos kan 'n kind negatief beïnvloed. Coca Cola en kleurmiddels in ander koeldranke kan byvoorbeeld sommige kinders hiperaktief maak. Te veel lekkergoed en suiker veroorsaak dat kinders ooraktief raak en moeilik is om te hanteer.

- Aandag

Volwassenes is geneig om te reageer as kinders iets verkeerd gedoen het. Die kind kry dan die boodskap dat hulle moet stout wees om aandag te kry. Volwassenes moet ook aandag gee aan 'n kind se positiewe gedrag sodat dit nie vir hulle nodig is om stout te wees om aandag te kry nie.

- Verwarrende riglyne

Kinders moet weet wat van hulle verwag word. Reëls moet eenvoudig en duidelik wees. Mense oorskat dikwels kinders se vermoë om verwagtings te verstaan.

(Enige VIER van bogenoemde antwoorde is aanvaarbaar.
1 punt vir tegniek, 1 punt vir verduideliking) (Enige 4 × 3) (12)

2.2 2.2.1
- Wanneer ouers hul kinders 'n pak slae gee
- Enige vorm van fisiese straf vir 'n kind

(Enige EEN) (2)

2.2.2
- Dis 'n natuurlike vorm van dissipline.
- Die ouers het moontlik self slae gekry as kind.
- Alle ander dissiplineringsmetodes het misluk.
- 'n Ouer kan 'n kind slaan bloot omdat hy/sy kwaad is.
- Die ouer wil 'n sterk boodskap by die kind tuisbring.

(Enige 3 × 2) (6)

2.2.3
- Dit leer nie die kind waarom die gedrag verkeerd is nie.
- 'n Pak slae modelleer aggressiewe gedrag wat die kind kan aanleer.
- Dit leer die kind dat fisiese straf aanvaarbaar is.
- Soos wat die kind ouer word, sal hy/sy kwaad word vir hul ouers – woedegevoelens kan oor 'n lang tydperk broei en ontwikkel.
- Dit moedig nie die kind aan om besluite te neem nie.
- Die kind sal op die straf fokus in plaas daarvan om te fokus op wat hy/sy verkeerd gedoen het. (Enige 3 × 2) (6)

2.3 2.3.1 Dis 'n spesialis wat emosionele probleme hanteer✓ en medikasie vir die probleem kan voorskryf.✓

2.3.2 'n Mediese praktisyn✓ wat fisieke probleme✓ by kinders behandel.

2.3.3 'n Mediese praktisyn✓ wat mediese kinderprobleme behandel.✓

(3 × 2) (6)

2.4 2.4.1
- Dis 'n soort angstigheid.✓
- Dis 'n irrasionele, onredelike vrees✓ vir 'n voorwerp of situasie.✓

(3)

2.4.2 (a) 'n Vrees wat in die eerste ses maande van 'n kind se lewe ontwikkel,✓ gekenmerk deur 'n gehuil/gekerm✓ as hulle aan vreemdelinge bekendgestel word.✓

(b) 'n Vrees in die vroeë kinderjare✓ wanneer kinders bang is dat hul ma nie vir hulle lief is nie.✓✓

(c) 'n Kind se vrees vir die donker✓ weens hul gebrek aan koördinasie en kennis✓ wanneer hulle hulself dikwels verbeel dat daar spoke en boosaardige gedaantes in die donker skuil wat hulle omring.✓

(3 × 3) (9)

Kopiereg voorbehou

2.4.3
- Probeer die voorwerp/vreessituasie neutraliseer met iets positief.
- Stel die kinders geleidelik bloot aan hulle vrees.
- Probeer die vrees vir die kind verduidelik.
- Moenie die kind se vrees ontken nie.
- Moenie die kind daaroor terg nie, probeer simpatiek wees.

(Enige 3 × 2) (6)
[50]

TOTAAL AFDELING B: 50

AFDELING C

VRAAG 3

3.1 3.1.1
- Respek vir die kind
- Die absorberende brein
- Sensitiewe periodes
- Die voorbereide omgewing
- Outomatiese onderwys ('Auto-education') (5)

3.1.2
- Hulle respekteer kinders en hul privaatheid.
- Hulle is goeie waarnemers.
- Hulle besef interaksie met kinders is belangrik.
- Hulle is gereed om die kinders te lei en te rig.
- Hulle wys nie vir die kind wat ander kinders doen nie.
- Hulle wys nooit vir die kind 'n voorbeeld van hoe dinge gedoen moet word nie.
- Hulle moedig kinders aan om onafhanklik te wees.
- Hulle straf nie die kinders nie.
- Hulle lei die kind se aandag af as hulle stout is.
- Hulle hou in gedagte dat die bron van dissipline binne die kind self is.
- Hulle is vrolik en entoesiasties.
- Hulle laat elke kind toe om teen hul eie pas te werk.
- Hulle verwerp die mededingende gees. (Enige 5 × 2) (10)

3.1.3
- Elke kind word gewaardeer as 'n unieke individu.
- Montessori-kinders ontwikkel orde, koördinasie, konsentrasie en onafhanklikheid.
- Leerders vorm deel van 'n hegte, omgee-gemeenskap.
- Montessori-leerders geniet vryheid binne perke.
- Leerders word aangemoedig om kennis aktief na te jaag.
- Selfkorrigering en selfevaluering is deel van die benadering.

(Enige 4 × 2) (8)

3.1.4
- Montessori beperk kinders se ontwikkeling tot sintuie en intellek.
- Die metode is te intellektueelgeoriënteerd.
- Die kind se verbeelding word nie genoeg gestimuleer nie.
- Geen voorsiening word gemaak vir verbeelding en vryspel nie.
- Die geneigdheid van 'opdringerige' ouers en onderwysers om leer op kinders af te dwing.
- Die metode is baie jare gelede ontwikkel; dit pas nie by ons moderne, tegnologiesgevorderde samelewing nie.
- Montessori-skole verskil van mekaar; sommige volg Maria Montessori se leringe streng na terwyl ander die metode aanpas om by die moderne samelewing te pas.
- Dit skeep fantasiespel af. Die gebruik van verbeelding moet aangemoedig word, maar die Montessori-metode misluk om dit te doen.
- Kinders sukkel om aan te pas by 'gewone' skole en in die groter samelewing.
- Individualiteit word oorbeklemtoon wat tot dissiplineprobleme kan lei.
- Montessori gebruik die 'staan in die hoek'-metode ('time out') om kinders te dissiplineer. Dis 'n goeie dissiplineringsmetode, maar werk nie in alle situasies nie. Die Montessori-metode verskil van die sienswyse dat kinders moet leer om 'n taak binne 'n sekere tyd te voltooi. Dit stagneer ook die kind.
- Groepsaktiwiteite word afgeskeep en individualiteit word beklemtoon. Baie soorte werk en samelewingsrolle vind in groepsverband plaas.

(Enige 5 × 2) (10)

3.2
- Identiteit van voorwerpe
- Verskeidenheid en individualiteit
- Kontinuïteit en verandering
- Verhoudings tussen struktuur en aksie (4)

3.3
- Sensoriese vaardighede
- Ruimtelike vaardighede
- Meetvaardighede
- Klassifikasievaardighede
- Taalvaardighede (5)

3.4
- Kleur
- Deursigtigheid
- Tekstuur
- Massa
- Hard en sag (5)

3.5
- Ontdek die funksie van oë.
- Identifiseer verskillende soorte sigspesifieke inligting.
- Leer beperkings van sig en die feit dat dit belemmer kan word. (3)

[50]

TOTAAL AFDELING C: 50

Kopiereg voorbehou

AFDELING D

VRAAG 4

4.1
- Het selfvertroue
- Onafhanklik
- Aanvaar skeiding van huis/ouers
- Goeie koördinasie
- Goeie tydspersepsie
- Goeie deursettingsvermoë
- Goeie konsentrasievermoë
- Higiëniese toiletmaniere
- Praat vlot
- Beheersde gedrag (10)

4.2 4.2.1
- Aktiewe taalontwikkeling: Die kind ontwikkel taal deur aan aktiwiteite deel te neem.
- Passiewe taalontwikkeling: Die kind se taalvaardighede ontwikkel deur luister en kyk.

4.2.2 Aktiewe taalontwikkeling:
- Maak jou eie storie op
- Telefoongesprek in fantasiehoekie
- Begin 'n storie, kind moet dit voltooi
- Gebruik raaisels in lesse
- Verduideliking van scenarios, byvoorbeeld: Wat sal jy doen as die telefoon lui?

(Aanvaar enige TWEE geskikte antwoorde)

Passiewe taalontwikkeling:
- Vertel 'n storie
- Luister na stories op 'n CD
- Blaai deur 'n boek terwyl kind storie luister op 'n CD
- Luister na 'n gediggie
- Kyk na dramavertonings/verhoogstukke

(Aanvaar enige TWEE geskikte antwoorde)
(2 × 4) (8)

4.3 4.3.1 Skoolgereedheid sluit die hele ontwikkeling van die kind in,✓ d.w.s. fisiese, emosionele, taal, kognitiewe en morele domeine. Die kind sal op 'n vlak in sy/haar lewe wees wat 'n voorvereiste vir formele onderwys is.✓

4.3.2 'n Natuurlike proses waardeur 'n kind gaan; 'n biologiese ontwikkelingsproses✓ waar nuwe potensiaal vir skooltoelating na vore kom.✓

4.3.3 Die persoon weet altyd waar hy/sy is in die spasie✓ (area) waarbinne hulle hulself bevind – hul posisie of plek in ruimte. Hulle kan hulself in die wêreld rondom hulle oriënteer.✓

4.3.4 Dis die beweging van die fyn (klein) liggaamspiere.

4.3.5
- Die vermoë om met die oë tussen soortgelyke✓ (dít wat dieselfde is) en verskillende dinge (dít wat verskillend is) te onderskei.✓
- Om verskille te kan onderskei.✓ Dit sluit verskille in grootte, vorm, kleur en oriëntering in.✓
- Dis die vermoë om met jou oë te onderskei tussen objekte se ooreenkomste en verskille. Klassifikasie en konsepvorming vind plaas gedurende hierdie proses.✓✓

(5 × 2) (10)

4.4
- Laat die kind verskillende posisies wys, bv. voor, agter, langs, ná.
- Gee instruksies: Kyk regs, sit jou arms agter jou rug, staan langs 'n stoel, ens.
- Bou blokkies: Sit die rooi blokkie bo-op die groen blokkie.
- Spykerbord: Bou verskillende patrone.
- Loop op lyn: Vra die kinders om op 'n lyn of krytstreep op die vloer te loop.
- Speel 'volg die leier'.
- Klimaktiwiteite.
- Balanseeraktiwiteite. (Enige 5 × 1) (5)

4.5 Die kind moet regop staan,✓ kop regop (nie agtertoe of vorentoe nie),✓ strek hul arm oor hul kop✓ en raak aan hul linkeroor met hul regterhand.✓ (4)

4.6
- Het gebrek aan koördinasie en balans
- Sukkel om tussen links en regs te onderskei
- Kan nie middellyn kruis as hulle take verrig nie
- Draai liggaam wanneer hulle teken
- Verwar spieëlbeeld verskille en ooreenkomste
- Kort aandagspan (Enige 5 × 2) (10)

4.7
- Kreatiewe kunsaktiwiteite
- Manipuleer instrumente
- Speel met klei
- Bons balle
- Klap na ballonne
- Ryg krale in
- Aksierympies en -liedjies waar hande gebruik word

(Enige 3 × 1) (3)
[50]

TOTAAL AFDELING D: 50
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou